

27 Maart

Johannes 1:29-34, (Teks: Lukas 9:35)

Die hoogtepunt - Jesus die Verlosser

Hierdie stem uit die hemel was nie nuwe woorde nie. Dit is ook gehoor toe Johannes die Doper Jesus gedoop het. Die woorde word twee keer gehoor. By die doop aanvaar Jesus sy taak om in hierdie wêreld te kom optree as Verlosser. Vir Johannes was dit die teken: Dit is die Messias (Joh. 1:33). Hier by die verheerliking was die woorde: DIT IS MY GELIEFDE SEUN aan die dissipels, die drie as verteenwoordigers van die kerk, die bevestiging: Hy is die Verlosser. Alles daar op die berg was heerlik, maar die heerlijkheid lê daarin dat Jesus die een is in en deur wie al die heerlike dinge gestalte kry. In Hom is die volle offerwerk gedoen, die taak deurgevoer. Daardeur het die Vader die eer ontvang en ons, sondaars, met Goddelike heerlijkheid gekroon. Ons mag uitroep: Waarlik, Hy is die Seun van God. Niemand minder as die Vader bevestig dit by twee geleenthede met 'n hemelse stem. Waarom twyfel ons nog so? Die dood, graf, opstanding en hemelvaart is alles getuies van die groot daad van God in ons lewe. So sê God: Sien, glo! Hy is My geliefde Seun en nogtans het ek jou so belangrik geag dat Ek Hom in jou plek gegee het. Ek het Hom liefgehad soos julle julle kinders liefhet. Nogtans het Ek Hom in julle plek gegee om alles wat julle van My vervreem van julle af weg te neem. En dit is die hoogtepunt in die lewe van 'n sondaar: Die heilige God wat sê: Kyk, hier in julle Verlosser! Hoor in die geloof hierdie bevestiging van die Vader: DIT IS MY GELIEFDE SEUN. Hoor hoe Hy daardeur ook aan jou wil bevestig: Daarom is jy ook my geliefde kind.

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)